# DIE SKAKEL


MAANDBLAD VAN DIE NED. GEREF. GEMEENTE HARTBEESSPRUIT-QUEENSWOOD

NGKHQ

Nederduitse Gereformeerde Kerk Hartbeesspruit-Queenswood Pretoria

Jaargang 37 | Nommer 7 | September 2013


# Queenswood 50 jaar oud!



Die Queenswood-deel van ons gemeente is op 13 September 2013 'n halfeeu oud. As ons terugkyk op die pad wat die gemeente gekom het, roep ons graag uit: "Loof die Here, want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie". (Ps 118:1) God was altyd getrou ten spyte van menslike swakheid en [illegible]uheid. Deur toegewyde Woordverkondiging en getroue Bybelstudie is oud en jonk verseker van God se liefde en vergifnis. Só kon die gemeente geestelik groei en toegerus word om in hierdie wêreld vir Hom te werk en te getuig!

In die feesjaar wy ons as gemeente ons met dankbaarheid toe aan die Here met die belydenis "Die liefde van Christus dring ons om daagliks geestelik te groei; vir mekaar om te gee en in ons samelewing hulp te verleen en hoop te bring." (2 Kor. 5: 14).

*Ds. Jan van den Berg*

## Program vir die feesnaweek

Vrydag, 13 September:

06:00 Steenkerk: "Ons sê dankie..."

15:00 Steenkerk kerksaal: Byeenkoms van oudleraars en stigterslede

Sondag, 15 September:

09:00 Steenkerk: Feesnagmaal

10:00 Plant van feesboom

Opstuur van ballonne deur kinders

Gesellige samesyn in kerksaal

NG Gemeente Queenswood

50

1963-2013

50 Jaar van Genade!

***Gemeente! Kom, ons vier 50 jaar van genade!***

# Stigterslede van ons gemeente

Hulle was van die eerste inwoners in Queenswood en Kilnerpark - manne en vroue wat die grondleggers van ons gemeente was. Saam het hulle beplan en hard gewerk, gebid en geglo... en só getuies geword van n pragtige kerk-kompleks wat tot stand kon kom en 'n gemeente wat groei en gedy... van hulle is nog by ons...baie is al huis toe...ons dank die Here vir hulle liefde en geloof!

## Stigterslede - 13 September 1988 - 25ste Verjaarsdag van gemeente



Voor: Pierrene Lange, Sarie Venter, Mickey Swanepoel, Corra Nel
Sittend: Joy Malan, Bessie Botes, Elsie du Plessis, Stien van Reenen, Rina Buys, Jossie van der Merwe, Susan Scheepers, Marie Johannes
Derde ry: Willie du Plessis, Roelf Botes, Bill Swanepoel, Henry Nell, Nic Venter, Walter van Reenen, Elbie & Kotie Retief, Floors Buys.
Vierde ry: Corrie Kruger, Skippie Scheepers, Paul van der Merwe, Pierre Malan

## Stigterslede - 13 September 2003 - 40ste Verjaarsdag van gemeente



Die jare het verby gegly en die stigterlede het minder geword - huis toe gegaan!
Dames voor: Joy Malan, Susan Scheepers, Jossie van der Merwe, Bessie Botes, Marie Johannes, Selma Groenewald en Stien van Reenen.
Mans agter: Pierre Malan, Skippie Scheepers, Paul van der Merwe en Roelf Botes.



# Saam het hulle die pad gestap...

In die vyftigjarige bestaan van ons gemeente het 12 dominees die gemeente bedien - hiervan het nege reeds afgetree, terwyl drie nog in diens van die gemeente is, nl. ds. Karel Albrecht, dr. Willem Boshoff en dr. Kobus Gerber. Saam kon die dominees deur al die jare ervaar dat, ten spyte van menslike swakheid en gebreke, Hy wat geroep het nog altyd getrou bly en dit ook sal doen. (1 Tess. 5: 24)



Met die 25ste verjaarsdag van die gemeente op 13 September 1988 het die eerste twee leraars, nl. ds. Piet Claasen en ds. Essie Esterhuyzen saam met hulle eggenotes ons gemeente besoek. Van regs: dr. Piet Claasen en ds. Essie Esterhuyzen (albei al oorlede), ds. Jan van den Berg, ds. Danie van Zyl, dr. Toon van der Merwe en Flip Loots.



Op Sondag, 6 September 1988 neem dr. Danie van Zyl afskeid van die gemeente met die aanvaarding van emeritaat. Van links: ds. Jan & Elsie Cronjé, ds. Gerhard & Ansunet Botha, dr. Toon & Stefanie van der Merwe, dr. Danie & Martie van Zyl en ds. Jan & Minda van den Berg - vir baie jare saam in Sy diens!



Met die gemeente se 40ste verjaarsdag op 13 September 1988 is daar ook fees gevier! Nie alleen is daar n wonderlike feesbasaar gehou nie, maar ook 'n Gedenkskakel uitgegee. Die dominees van daardie tyd was ds. Jan & Elsie Cronjé, dr. Toon & Stefanie van der Merwe, ds. Jan & Minda van den Berg en ds. Herklaas & Riana Viljoen.

*Namens al die leraars en hulle gesinne wat vir baie jare die voorreg gehad het om die gemeente van Queenswood te bedien: "Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot jul redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!"*

# Ons huidige leraars

## Is 50 oud of jonk?



Baie geluk aan die Queenswoodgedeelte van ons gemeente met die 50e verjaarsdag! Omdat ek self verlede jaar 50 geword het, is die gemeente se 50e herdenking na aan my lyf (en hart). My vraag is: is 50 oud of jonk? Iemand het verlede jaar vir my gesê op 49 is jy die oudste van die jongetjies, maar op 50 skuif jy oor na die boonste groep toe en jy word die jongste van die ouer garde! Dis dalk waar van 'n mens, maar is 50 vir 'n gemeente oud of jonk?

Die Here se liefde vir ons is nuut elke môre (Klaagl. 3:23). Ons word ook opgeroep tot daaglikse oorgawe en toewyding. 'n Gemeente is so jonk en so lewenskragtig soos haar mees onlangse liefdesverklaring aan die Here van haar lewe!

Daarom – baie geluk aan 'n gemeente wat 50 jaar JONK is!

*Ds. Karel Albrecht en dr. Willem Boshoff*

# Goeie wense...




## OM 'N GOUE JUBILEUM TE VIER IS MAAR 'N EERSTE TREETJIE

Ons is so geneig om te dink: ons gemeente is nou oud. Maar daar is gemeentes in hierdie wêreld wat 150 en 288 en 450 en 800 en ... jaar oud is. En steeds die Here se kerk is daar waar Hy hulle geplaas het. Hý, die Here van sy kerk, werk met 'n ander kyk op ouderdom en gemeente: Hy sien sy mense wat deur die dekades en eeue in 'n geloofsgemeenskap kom en gaan, 'n plek kry om Hom te loof en te aanbid en in sy wingerd te werk, geslag op geslag. Ons wat *nou* feesvier, is deel van die skare deur die eeue wat telkens die treetjies gee vir die tyd wat ons hier geroep is.

Dit maak 'n verskil in jou feesvier as dit nou maar 'n eerste treetjie is: die hele lewe lê nog voor!! Ons het nog maar skaars begin op ons wonderlike reis!!

Dit is my voorreg om namens die Algemene Sinodale verband *baie geluk* te sê. Mag die Here Hartbeesspruit-Queenswood oorvloedig seën vir baie, baie jare wat hierdie geloofsgemeenskap hier 'n verskil gaan maak en hoop gaan bring.

*Dr. Kobus Gerber: Algemene Sekretaris*



Vyftig goue jare! Vyftig jaar van geseënde bediening. 'n Halwe eeu van opbou en uitbou, van dien en juig. Dit is die eerste gedagtes wat die geloofsverhaal van Queenswood gemeente ontlok as 'n mens tydens 'n goue jubileum oor die bediening in Queenswood sou nadink.

Binne die Ring van Derdepoort trap Hartbeesspruit-Queenswood gemeente diep spore. Met gesag en wysheid gee die gemeente op die terrein van seniorsbediening leiding en rigting. Unieke en uitdagende jeugbediening word met passie bedryf om aan jeugdige lidmate 'n geestelike tuiste te bied.

As Ring deel ons in die vreugde van 'n mylpaal. Ons jubel saam oor "*genade onbeskryflik groot.*" In geloof sal ons steeds saam bid en werk totdat Hy kom. Saam het ons spontaan 'n loflied aan op die maat van die *Oorwinningslied* met al die instrumente:

"In Derdepoort se midde pryk 'n trotse NG Kerk
Vir vyftig jaar word hier al met ywer hard gewerk
Om God se Koninkryk steeds verder uit te bou
En ons dank Hom vir Sy trou

Ons dank, ons loof, ons eer U, Ons dank, ons loof, ons eer U, Ons dank, ons loof, ons eer U, as ons U hulde bring.

Predikante het gekom predikante het gegaan
die gemeente het nog altyd standvastig voortbestaan
Die Vader en die Seun en ook die Heilige Gees
sal altyd by ons wees

Ons dank, ons loof, ons eer U; Ons dank, ons loof, ons eer U; Ons dank, ons loof, ons eer U; as ons U hulde bring.

In Geloof en Hoop en Liefde dáárin lê ons groot krag
Daardeur kan dan daagliks gelowig meer vermag
Ons sal sy Woord bly glo met ons hart gerig na Bo
want Hy is ons Bron en krag

Ons dank, ons loof, ons eer U; Ons dank, ons loof, ons eer U; Ons dank, ons loof, ons eer U; as ons U hulde bring." (met erkenning aan Hettie Vorster)

*Ds. Danie van Rensburg: Ring van Derdepoort*